- (a) any work performed or services rendered by any person at the specific request or instruction of the Council; 45
- (b) access by any person to the results of, or other information in connection with any research performed or information collected by the Council; and
- (c) access by any person to the databases contemplated in section 28C. 50

(4) The Council may recommend to the Minister appropriate measures to ensure the effective implementation of the Act in relation to all matters pertaining to indigenous cultural expressions or knowledge relating to performers' rights, copyright, trade marks, designs and patents.

Compliance with international agreements

28N. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* provide that any provision of this Act specified in such notice shall, in the case of any country so specified, apply so that— 55

- (a) indien die Raad versuim om sy werksaamhede op 'n effektiewe en doeltreffende wyse te verrig; en
- (b) op grond van wanbestuur.
- (13) Wanneer die Minister die Raad ingevolge subartikel (12) ontbind, kan die Minister 'n tussentydse liggaam aanstel vir die voortgesette bestuur en beheer van die sake van die Raad, op sodanige voorwaardes soos wat die Minister mag bepaal. 5
- (14) Die liggaam in subartikel (13) beoog moet vir 'n tydperk van hoogstens ses maande aangestel word of totdat die nuwe Raad ooreenkomstig subartikel (2) aangestel word, welke tydperk ook al die kortste is. 10
- (15) Die Kommissie is verantwoordelik vir die administrasie van die Raad en sy subkomitees.

Werksaamhede van Raad

28M. (1) Die Raad—

- (a) adviseer die Minister oor enige aangeleentheid in verband met inheemse kulturele uitdrukkings of kennis; 15
- (b) adviseer die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle oor enige aangeleentheid betreffende die registrasie van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis;
- (c) adviseer die Minister oor aangeleenthede betreffende uitvoerings van tradisionele werk; 20
- (d) adviseer oor die integriteit van 'n databasis van intellektuele eiendom in verband met inheemse kulturele uitdrukkings of kennis;
- (e) verrig sodanige verdere werksaamhede soos bepaal in die— 25
- (i) Wet op Patente, 1978 (Wet No. 57 van 1978);
 - (ii) Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993);
 - (iii) Wet op Modelle, 1993 (Wet No. 195 van 1993); en
 - (iv) Wet op Beskerming van Voordraers, 1967 (Wet No. 11 van 1967);
- (f) moet enige geskil wat ontvang is, na 'n instelling beoog in artikel 8K(1) verwys; en 30
- (g) moet sodanige take uitvoer wat die Minister van tyd tot tyd aan hom toewys.
- (2) Die Raad kan—
- (a) 'n persoon aanstel om die Raad by te staan in die uitvoering van enige bepaalde handeling, taak of toewysing, of om enige aangeleentheid in verband met sy werksaamhede te ondersoek; 35
- (b) sodanige komitees saamstel en onderhou wat hy nodig mag ag;
- (c) enige van sy lede as lede van die komitees en enige ander persone vir sodanige tydperke aanstel soos wat die Raad kan bepaal; of 40
- (d) enige take of aangeleenthede wat nodig mag wees na sodanige komitees verwys om die Raad in staat te stel om sy werksaamhede uit te voer.
- (3) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, die tarief bepaal van gelde betaalbaar vir— 45
- (a) enige werk verrig of dienste gelewer deur enige persoon by die bepaalde versoek of instruksie van die Raad;
- (b) toegang deur enige persoon tot die resultate van, of ander inligting in verband met, enige navorsing gedoen of inligting ingesamel deur die Raad; of 50
- (c) toegang deur enige persoon tot die databasisse in artikel 28C beoog.
- (4) Die Raad kan gepaste maatreëls by die Minister aanbeveel om die effektiewe toepassing van die Wet in verband met alle aangeleenthede oor inheemse kulturele uitdrukkings of kennis ten opsigte van voordraersregte, outeursreg, handelsmerke, modelle en patente te verseker. 55

Voldoening aan internasionale ooreenkomste

28N. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal dat enige bepaling van hierdie Wet in sodanige kennisgewing vermeld van toepassing is op 'n land aldus vermeld sodat—

- (a) a community recognised in the specified country as an indigenous community shall be deemed to be an indigenous community as defined in this Act; and
 - (b) a traditional work recognised in the specified country as a traditional work shall be deemed to be a traditional work as defined in this Act. 5
- (2) The Minister may in the notice contemplated in subsection (1) make the provisions of this Act applicable to the following in respect of a country listed in the notice:
- (a) Its citizens or subjects;
 - (b) persons who at material times are domiciled or resident in the listed country and who are members of an indigenous community in that country; and
 - (c) juristic persons incorporated under the laws of the specified country and representing indigenous communities of that country. 10
- (3) The notice referred to in subsection (1) may— 15
- (a) include exceptions or modifications to the application of the Act in respect of a specified country;
 - (b) provide for general application of the Act; or
 - (c) limit application of the Act to such types of traditional works as may be specified. 20
- (4) No notice shall be issued under this section in respect of any country which is not a party to a convention relating to copyright to which the Republic is also a party, unless the Minister is satisfied that, in respect of the class of works to which the notice relates, provision has been or will be made under the laws of that country whereby adequate protection will be given to owners of copyright in traditional works under this Act.”. 25

Amendment of section 39 of Act 98 of 1978, as amended by section 4 of Act 9 of 2002

5. Section 39 of the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978), is hereby amended—
- (a) by the substitution for paragraph (c) of the following paragraph: 30
 - “(c) in consultation with the Minister of Finance, prescribing the remuneration and allowances of members of the advisory committee referred to in section 40, the Council referred to in section 28L, and of [its] their subcommittees, and the conditions upon which such members shall be appointed;”;
 - (b) by the substitution for paragraph (cA) of the following paragraph: 35
 - “(cA) in consultation with the Minister of Finance, providing for the establishment, composition, funding and functions of collecting societies contemplated in section 9A, and any other matter that it may be necessary or expedient to regulate for the proper functioning of such societies whether in respect of copyright or any other type of intellectual property;”;
 - (c) by the addition after paragraph (cA) of the following paragraphs: 40
 - “(cB) providing for the recording of indigenous cultural expressions or knowledge as contemplated in section 28C, including issues related to— 45
 - (i) the manner in which information on indigenous cultural expressions or knowledge is kept;
 - (ii) fees payable for access to inspect the databases;
 - (iii) processes and formalities related to the submission of an application; and
 - (iv) criteria to be met for indigenous cultural expressions or knowledge to be entered into the databases; 50
 - (cC) prescribing the nature of the entities envisaged by section 28I(8) including issues related to—

- (a) 'n gemeenskap wat in die vermelde land erken word as 'n inheemse gemeenskap, geag word 'n inheemse gemeenskap te wees soos in hierdie Wet omskryf; en
- (b) 'n tradisionele werk wat in die vermelde land erken word as 'n tradisionele werk word geag 'n tradisionele werk soos in hierdie Wet omskryf te wees. 5
- (2) Die Minister kan in die kennisgewing in subartikel (1) beoog die bepalings van hierdie Wet van toepassing maak op die volgende ten opsigte van 'n land in die kennisgewing vermeld:
- (a) Sy burgers of onderdane; 10
- (b) persone wat op wesenlike tye in die vermelde land woon of woonagtig is en wat lede van 'n inheemse gemeenskap in daardie land is; en
- (c) regspersone ingelyf kragtens die wette van die vermelde land en wat inheemse gemeenskappe van daardie land verteenwoordig.
- (3) Die kennisgewing in subartikel (1) bedoel kan— 15
- (a) uitsonderings of veranderings aan die toepassing van die Wet ten opsigte van 'n vermelde land insluit;
- (b) vir 'n algemene toepassing van die Wet voorsiening maak; of
- (c) toepassing van die Wet beperk tot sodanige tipes tradisionele werke soos wat bepaal kan word. 20
- (4) Geen kennisgewing sal kragtens hierdie artikel uitgereik word ten opsigte van enige land wat nie 'n party is tot 'n konvensie betreffende outeursreg waartoe die Republiek ook 'n party is nie, tensy die Minister tevrede is dat, ten opsigte van die klas van werke waarmee die kennisgewing verband hou, voorsiening gemaak is of gemaak sal word kragtens die wette van daardie land waarby voldoende beskerming aan die eienaars van outeursreg in tradisionele werke kragtens hierdie Wet verleen sal word.”. 25

Wysiging van artikel 39 van Wet 98 van 1978, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 9 van 2002 30

5. Artikel 39 van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang: 35
- “(c) in oorleg met die Minister van Finansies, wat die vergoeding en toelae van lede van die advieskomitee in artikel 40 bedoel, die Raad in artikel 28L bedoel, en van [sy] hul subkomitees, en die voorwaardes waarop sodanige lede aangestel word, voorskryf;”;
- (b) deur paragraaf (cA) deur die volgende paragraaf te vervang: 40
- “(cA) in oorleg met die Minister van Finansies, wat voorsiening maak vir die instelling, samestelling, befondsing en funksies van die insamelingsverenigings in artikel 9A bedoel, en enige ander aangeleentheid wat nodig of doenlik mag wees om die behoorlike funksionering van sodanige verenigings te reguleer hetsy ten opsigte van outeursreg of enige ander soort intellektuele eiendom;”;
- (c) deur die volgende paragraawe na paragraaf (cA) by te voeg: 45
- “(cB) wat voorsiening maak vir die optekening van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis soos in artikel 28C beoog, met inbegrip van aangeleenthede wat verband hou met— 50
- (i) die wyse waarop inligting oor inheemse kulturele uitdrukkings of kennis gehou word;
- (ii) gelde betaalbaar vir toegang om die databasisse te inspekteer;
- (iii) prosesse en formaliteite betreffende die voorlegging van 'n aansoek; en 55
- (iv) maatstawwe waaraan voldoen moet word sodat inheemse kulturele uitdrukkings in die databasisse aangeteken kan word.
- (cC) waarin die aard van die entiteite deur artikel 28I(8) beoog voorgeskryf word, met inbegrip van aangeleenthede wat verband hou met— 60

- (i) governance of the entities; and
- (ii) interaction of the entities with the National Trust and the Council;
- (cD) providing for the fees, processes and formalities related to the submission and adjudication of a dispute set out in section 28K; and
- (cE) providing for the appointment of a person to act on behalf of an indigenous community which is no longer in existence;”.

Insertion of section 39A in Act 98 of 1978

6. The following section is hereby inserted after section 39 of the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978):

“Guidelines

- 39A.** (1) The Minister may issue guidelines on any aspect of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, including—
- (a) protection of indigenous cultural expressions or knowledge;
 - (b) reducing traditional work that is eligible for copyright due to it being capable of substantiation from the collective memory of the relevant indigenous community, to material form for purposes of protection thereof;
 - (c) the databases, in so far as it relates to indigenous cultural expressions or knowledge;
 - (d) the National Trust and Fund, in so far as it relates to indigenous cultural expressions or knowledge;
 - (e) the Council, in so far as it relates to indigenous cultural expressions or knowledge; and
 - (f) the dispute process as set out in section 28K.”.

Amendment of section 1 of Act 194 of 1993, as amended by section 65 of Act 38 of 1997

7. Section 1 of the Trade Marks Act, 1993 (Act No. 194 of 1993), is hereby amended by the insertion after the heading “Part XII Certification Trade Marks and Collective Trade Marks (sections 42 and 43)” of the following heading:

“Part XIIA Traditional terms and expressions and geographical indications (sections 43A to 43L)”.

Amendment of section 2 of Act 194 of 1993

8. Section 2 of the Trade Marks Act, 1993 (Act No. 194 of 1993), is hereby amended—

- (a) by the insertion in subsection (1) after the definition of “certification trade mark” of the following definition:
 - “**‘collecting society’** means a collecting society created by the Copyright Act, this Act, or by agreement and which amongst others—
 - (a) manages matters related to rights in trade marks;
 - (b) negotiates for and collects licence fees and benefits on behalf of its members; and
 - (c) distributes licence fees and benefits to trade mark owners;”;
- (b) by the insertion in subsection (1) after the definition of “collective trade mark” of the following definition:
 - “**‘community protocol’** means a protocol developed by an indigenous community that describes the structure of the indigenous community and its claims to indigenous cultural expressions or knowledge and indigenous terms or expressions or geographical indications, and provides procedures for prospective users of such indigenous cultural expressions or knowledge or indigenous terms or expressions or geographical indications, to seek the community’s prior informed consent, negotiate mutually agreed terms and benefit-sharing agreements;”;

- (i) beheer van die entiteit; en
 - (ii) interaksie van die entiteit met die Nasionale Trust en die Raad.
- (cD) wat voorsiening maak vir die gelde, prosesse en formaliteite wat met die voorlegging en beregting van 'n geskil in artikel 28K uiteengesit verband hou; en 5
- (cE) wat voorsiening maak vir die aanstelling van 'n persoon om namens 'n inheemse gemeenskap wat nie meer bestaan nie, op te tree.”.

Invoeging van artikel 39A in Wet 98 van 1978 10

6. Die volgende artikel word hierby na artikel 39 van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), ingevoeg:

“Riglyne

- 39A.** Die Minister kan riglyne uitreik oor enige aspek van die Wysigingswet op Intellektuele Eïendomsreg, 2013, met inbegrip van— 15
- (a) beskerming van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis;
 - (b) die vaslegging van tradisionele werk wat kwalifiseer vir outeursreg omdat dit uit die gesamentlike geheue van die betrokke inheemse gemeenskap gesubstansieer kan word, tot materiële vorm ten einde dit te beskerm; 20
 - (c) die databasisse, vir sover dit met inheemse kulturele uitdrukkings of kennis verband hou;
 - (d) die Nasionale Trust en Fonds, vir sover dit met kulturele uitdrukkings of kennis verband hou;
 - (e) die Raad, vir sover dit met inheemse kulturele uitdrukkings of kennis verband hou; en 25
 - (f) die geskilproses soos in artikel 28K uiteengesit.”.

Wysiging van artikel 1 van Wet 194 van 1993, soos gewysig deur artikel 65 van Wet 38 van 1997

7. Artikel 1 van die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993), word hierby gewysig deur na die opskrif “Deel XII Waarmerkingshandelsmerke en Versamelhandelsmerke (artikels 42 en 43)” die volgende opskrif in te voeg:

“Deel XIII Tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings (artikels 43A tot 43L)”.

Wysiging van artikel 2 van Wet 194 van 1993 35

8. Artikel 2 van die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993), word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) voor die omskrywing van “akte van sekerheidstelling” die volgende omskrywing in te voeg:
 - “**afgeleide inheemse term of uitdrukking**’ enige term of uitdrukking wat die onderwerp van hierdie Wet uitmaak, toegepas op enige vorm van inheemse term of uitdrukking erken deur 'n inheemse gemeenskap as dat dit 'n inheemse of tradisionele oorsprong het, en waarvan 'n wesenlike deel afgelei is van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis ongeag of sodanige afgeleide term of uitdrukking voor of na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eïendomsreg, 2013, afgelei is;”;40
- (b) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “bepierking” die volgende omskrywing in te voeg:
 - “**‘databasis’** die betrokke afdeling van die Nasionale Databasis vir Inheemse Kennis soos in artikel 1 van die Wet op Outeursreg omskryf;”;45
- (c) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “dienste” die volgende omskrywings in te voeg:
 - “**‘Fonds’** die Nasionale Trustfonds vir Inheemse Kennis soos in artikel 1 van die Wet op Outeursreg omskryf;”50

- (c) by the insertion in subsection (1) after the definition of “convention country” of the following definitions:
“**‘Copyright Act’** means the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978);
‘Council’ means the National Council for Indigenous Knowledge as defined in section 1 of the Copyright Act;”;
- (d) by the insertion in subsection (1) after the definition of “court” of the following definition:
“**‘database’** means the relevant section of the National Database for Indigenous Knowledge as defined in section 1 of the Copyright Act;”;
- (e) by the insertion in subsection (1) after the definition of “deed of security” of the following definition:
“**‘derivative indigenous term or expression’** means any term or expression forming the subject of this Act, applied to any form of indigenous term or expression recognised by an indigenous community as having an indigenous or traditional origin, and a substantial part of which was derived from indigenous cultural expressions or knowledge irrespective of whether such derivative indigenous term or expression was derived before or after the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013;”;
- (f) by the insertion in subsection (1) after the definition of “device” of the following definitions:
“**‘Fund’** means the National Trust Fund for Indigenous Knowledge as defined in section 1 of the Copyright Act;
‘geographical indication’ in as far as it relates to indigenous cultural expressions or knowledge, means an indication which identifies goods or services as originating in the territory of the Republic or in a region or locality in that territory, and where a particular quality, reputation or other characteristic of the goods or services is attributable to the geographical origin of the goods or services, including natural and human factors;
‘indigenous community’ means any recognisable community of people originated in or historically settled in a geographic area or areas located within the borders of the Republic, as such borders existed at the date of commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, characterised by social, cultural and economic conditions which distinguish them from other sections of the national community, and who identify themselves and are recognised by other groups as a distinct collective;
‘indigenous cultural expressions or knowledge’ means any form, tangible or intangible, or a combination thereof, in which traditional culture and knowledge are embodied, passed on between generations, and tangible or intangible forms of creativity of indigenous communities, including, but not limited to—
(a) phonetic or verbal expressions, such as stories, epics, legends, poetry, riddles and other narratives, words, signs, names and symbols;
(b) musical or sound expressions, such as songs, rhythms, and instrumental music, the sounds which are the expression of rituals;
(c) expressions by action, such as dances, plays, ceremonies, rituals, expressions of spirituality or religion, sports, traditional games, puppet performances, and other performances, whether fixed or unfixed; and
(d) tangible expressions, such as material expressions of art, handicrafts, architecture, or tangible spiritual forms, or expressions of sacred places;
‘indigenous term or expression’ means a literary, artistic or musical term or expression with an indigenous or traditional origin and a traditional character, including indigenous cultural expressions or knowledge which was created by persons who are or were members, currently or historically, of an indigenous community and which is regarded as part of the heritage of the community;”;

- ‘gemeenskapsprotokol’** ’n protokol deur ’n inheemse gemeenskap ontwikkel wat die struktuur van ’n inheemse gemeenskap en sy aansprake op inheemse kulturele uitdrukkings of geografiese aanduidings beskryf, en prosedures bepaal vir voornemende gebruikers van sodanige inheemse kulturele uitdrukkings of kennis of inheemse terme of uitdrukkings of geografiese aanduiders, om die gemeenskap se vooraf ingeligte instemming te kry, onderling ooreengekome terme en voordeeldelingsooreenkomste te onderhandel; 5
- ‘geografiese aanduiding’**, vir sover dit verband hou met inheemse kulturele uitdrukkings of kennis, ’n aanduiding wat identifiseer dat goedere of dienste van binne die grondgebied van die Republiek van ’n streek of plek in daardie grondgebied van oorsprong is en waar ’n bepaalde kenmerk, reputasie of ander karaktertrek van die goedere of dienste aan die geografiese oorsprong van die goedere of dienste toegeskryf kan word, met inbegrip van natuurlike en menslike faktore;” 10
- (d) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “hof” die volgende omskrywings in te voeg: 15
- “ **‘inheemse gemeenskap’** enige herkenbare gemeenskap van mense wat ontstaan het in of histories gesetel is in ’n geografiese area of areas, binne die grense van die Republiek soos sodanige grense bestaan het op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, gekenmerk deur sosiale, kulturele en ekonomiese omstandighede wat hulle onderskei van ander dele van die nasionale gemeenskap, wat hulself identifiseer en deur ander groepe erken word as ’n afsonderlike kollektief; 20
- ‘inheemse kulturele uitdrukkings of kennis’** enige vorm, tasbaar of ontasbaar, of ’n kombinasie daarvan, waarin tradisionele kultuur en kennis beliggaam word, tussen generasies oorgelewer, en tasbare of ontasbare vorms van kreatiwiteit van inheemse gemeenskappe, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot— 25
- (a) fonetiese of verbale uitdrukkings, soos stories, heldedigte, legendes, poësie, raaisels en ander vertellings, woorde, tekens, name en simbole; 30
- (b) musiek- of klankuitdrukkings, soos liedere, ritmes en instrumentale musiek, waarvan die klanke die uitdrukking van rituele is; 35
- (c) uitdrukkings deur aksie, soos danse, toneelstukke, seremonies, rituele, uitdrukkings van spiritualiteit of geloof, sport en tradisionele spele, poppespele, en ander uitvoerings, hetsy vasgelê of nie vasgelê nie; en 40
- (d) tasbare uitdrukkings, soos wesenlike uitdrukkings van kuns, kunsvlyt, argitektuur, of tasbare spirituele vorms, of uitdrukkings van gewyde plekke; 45
- ‘inheemse term of uitdrukking’** ’n letterkundige, kuns- of musiekterm of -uitdrukking met ’n inheemse of tradisionele oorsprong en ’n tradisionele karakter, met inbegrip van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis wat deur persone geskep is wat lede is of was, huidig of histories, van ’n inheemse gemeenskap en wat as deel van die erfenis van die gemeenskap gesien word; 50
- ‘insamelingsvereniging’** ’n insamelingsvereniging geskep deur die Wet op Outeursreg, hierdie Wet, of by ooreenkoms en wat onder andere— 55
- (a) aangeleenthede met betrekking tot regte in handelsmerke bestuur; 60
- (b) namens sy lede om lisensiegelde en voordele onderhandel en dit insamel; en
- (c) lisensiegelde en voordele na handelsmerkeienaars versprei;
- ‘Kommissie’** die Kommissie ingevolge artikel 185 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), ingestel;”;
- (e) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “Minister” die volgende omskrywing in te voeg: 60
- “ **‘Nasionale Trust’** die Nasionale Trust vir Inheemse Kennis by artikel 28I van die Wet op Outeursreg ingestel en wat ingevolge artikel 43G funksioneer as die Nasionale Trust vir tradisionele terme of uitdrukkings;”;

- (g) by the insertion after the definition of “Minister” of the following definition:
“ **‘National Trust’** means the National Trust for Indigenous Knowledge established by section 28I of the Copyright Act and which functions as the National Trust for traditional terms or expressions in terms of section 43G;” and 5
- (h) by the insertion in subsection (1) after the definition of “trade mark” of the following definition:
“ **‘traditional term or expression’** includes an indigenous term or expression and a derivative indigenous term or expression;”.

Insertion of Part XIIA in Act 194 of 1993 10

9. The following Part is hereby inserted in the Trade Marks Act, 1993 (Act No. 194 of 1993), after section 43:

“Part XIIA

CERTIFICATION TRADE MARKS AND COLLECTIVE TRADE MARKS 15

Application to traditional terms and expressions and geographical indications

43A. (1) Subject to Part XIIA, the provisions of this Act shall, except in so far as is otherwise provided in the said Part XIIA, and in so far as they can be applied, apply to traditional terms and expressions and geographical indications. 20

(2) Nothing in the sections contemplated in subsection (1) shall be construed as conferring any rights on any person in respect of intellectual property which is not a traditional term or expression.

Registrable traditional trade marks 25

43B. (1) Subject to this section and subject to any rights in respect of a traditional term or expression acquired by any person prior to the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, a traditional term or expression shall not be capable of constituting a trade mark. 30

(2) A traditional term or expression shall be capable of constituting—
(a) a certification trade mark or a collective trade mark; or
(b) a geographical indication.

(3) In order to be registrable as a certification or collective trade mark, a traditional term or expression shall be capable of distinguishing the goods or services of an indigenous community in respect of which it is registered or proposed to be registered, from the goods or services of another community or person, either generally or where the traditional term or expression is registered or proposed to be registered subject to limitations, in relation to use within those limitations. 35 40

(4) Geographical indications or other marks of geographical origin may be registered as certification marks: Provided that the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall clearly indicate in the register that the certification mark is a geographical indication.

(5) Geographical indications or other marks of geographical origin may be registered as collective trade marks: Provided that the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall clearly indicate in the register that the collective mark is a geographical indication. 45

- (f) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “patentagent” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘Raad’** die Nasionale Raad vir Inheemse Kennis soos in artikel 1 van die Wet op Outeursreg omskryf;”;
- (g) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “sessie” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘tradisionele term of uitdrukking’** ook ’n inheemse term of uitdrukking en ’n afgeleide inheemse term of uitdrukking;”;
- (h) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “waarmerkingshandelsmerk” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘Wet op Outeursreg’** die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978);”.

Invoeging van Deel XIII in Wet 194 van 1993

9. Die volgende Deel word hierby in die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993), na artikel 43 ingevoeg:

“Deel XIII

SERTIFISERINGSHANDELSMERKE EN VERSAMELHANDELSMERKE

Toepassing op tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings

43A. (1) Behoudens Deel XIIA, is die bepalings van hierdie Wet, buiten vir sover daar anders bepaal word in die genoemde Deel XIIA, en vir sover dit toegepas kan word, van toepassing op tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings.

(2) Niks in die artikels in subartikel (1) beoog word uitgelê as dat dit enige regte aan enige persoon verleen ten opsigte van die intellektuele eiendom wat nie ’n tradisionele term of uitdrukking is nie.

Registreerbare tradisionele handelsmerke

43B. (1) Behoudens hierdie artikel en behoudens enige regte ten opsigte van ’n tradisionele term of uitdrukking wat ’n persoon voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eendomsreg, 2013, bekom het, kan ’n tradisionele term of uitdrukking nie ’n handelsmerk uitmaak nie.

(2) ’n Tradisionele term of uitdrukking kan—

(a) ’n sertifiseringshandelsmerk of ’n versamelhandelsmerk uitmaak; of

(b) ’n geografiese aanduiding uitmaak.

(3) Ten einde as ’n sertifiserings- of versamelhandelsmerk geregistreer te kan word, moet ’n tradisionele term of uitdrukking die goedere of dienste van ’n inheemse gemeenskap ten opsigte waarvan dit geregistreer is of voorgestel is om geregistreer te word, kan onderskei van die goedere of dienste van ’n ander gemeenskap of persoon, hetsy oor die algemeen of waar die tradisionele term of uitdrukking geregistreer is of voorgestel is om geregistreer te word behoudens beperkings, in verband met gebruik binne daardie beperkings.

(4) Geografiese aanduidings of ander merke van geografiese oorsprong kan as sertifiseringsmerke geregistreer word: Met dien verstande dat die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle duidelik in die register sal aandui dat die sertifiseringsmerk ’n geografiese aanduiding is.

(5) Geografiese aanduidings of ander merke van geografiese oorsprong kan as versamelhandelsmerke geregistreer word: Met dien verstande dat die registrateur duidelik in die register sal aandui dat die versamelmerk ’n geografiese aanduiding is.

(6) No right in respect of a derivative indigenous term or expression or knowledge provided for in the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, shall be eligible for registration unless—

- (a) prior informed consent has been obtained from the relevant authority or indigenous community;
- (b) disclosure of the indigenous cultural expressions or knowledge has been made to the Commission; and
- (c) a benefit-sharing agreement between the applicant and the relevant authority or indigenous community has been concluded.

(7) If an indigenous community has established a community protocol, the interaction with the indigenous community contemplated in subsection (6) must take such community protocol into account.

(8) A traditional term or expression or geographical indication shall only be registrable as per this section if—

- (a) the traditional term or expression or geographical indication is a derivative indigenous term or expression or geographical indication and was created on or after the date of commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, and the community from which the term or expression, or a substantial part thereof originated, is or was an indigenous community when the term or expression was created; or
- (b) the traditional term or expression or geographical indication was passed down from a previous generation.

Unregistrable traditional trade marks

43C. (1) The following traditional terms and expressions and geographical indications shall not be registrable as trade marks, or, if registered, shall, subject to any rights in respect of a traditional term or expression acquired by any person prior to the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, and subject to the provisions of sections 3 and 70, be liable for removal from the register:

- (a) subject to sections 42 and 43, marks that consist exclusively of a sign or an indication which may serve, in trade, to designate the kind, quality, quantity, intended purpose, value, or other characteristics of the goods or services, or mode or time of production of the goods or of rendering of the services; or
- (b) subject to section 43B(3), marks that consist exclusively of a traditional term or expression and which in the *bona fide* and established practices of the trade has become indicative of or is generally associated with the goods or services in respect of which the mark is sought to be registered.

National Database

43D. (1) The National Database for Indigenous Knowledge contemplated in section 28C of the Copyright Act shall constitute and function as a sub-register within the register of trade marks in respect of traditional terms and expressions and geographical indications for purposes of this Act, in the manner provided for in the said section 28C of the Copyright Act.

- (2) Traditional terms and expressions or geographical indications—
 - (a) contained in applications referred to the Council and accepted in terms of subsection (14); and
 - (b) contained in applications accepted in terms of sections 42, 43 or 43D, shall be recorded in the database.

(3) For the purposes of this Act, an indigenous community is deemed to be a juristic person.

- (4) Any—
 - (a) natural person who created the traditional terms and expressions or geographical indications;
 - (b) natural or juristic person authorised to act on behalf of an indigenous community, or on behalf of an individual; or

- (6) Geen reg ten opsigte van 'n afgeleide inheemse term of uitdrukking of kennis waarvoor die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, voorsiening maak, is geskik vir registrasie nie tensy—
- (a) vooraf ingeligte instemming van die betrokke gesag of inheemse gemeenskap verkry is; 5
 - (b) openbaarmaking van die inheemse kulturele uitdrukkings of kennis aan die Kommissie gedoen is; en
 - (c) 'n voordeeldelingsooreenkoms tussen die aansoeker en die betrokke gesag of inheemse gemeenskap aangegaan is. 10
- (7) Indien 'n inheemse gemeenskap 'n gemeenskapsprotokol daargestel het, moet die interaksie met die inheemse gemeenskap in subartikel (6) beoog sodanige gemeenskapsprotokol in ag neem. 10
- (8) 'n Tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding is slegs registreerbaar ingevolge hierdie artikel indien—
- (a) die term of uitdrukking of geografiese aanduiding 'n afgeleide inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding is en geskep is op of na die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, en die gemeenskap waaruit die term of uitdrukking, of 'n wesentliche deel daarvan, van oorsprong is, 'n inheemse gemeenskap is of was toe die term of uitdrukking geskep is; 15
of 20
 - (b) die tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding wat van 'n vorige generasie oorgelewer is. 20

Onregistreerbare tradisionele handelsmerke

- 43C.** (1) Die volgende tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings is nie registreerbaar as handelsmerke nie, of, indien geregistreer, is dit, behoudens enige regte ten opsigte van 'n tradisionele term of uitdrukking wat 'n persoon voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, bekom het, is onderhewig aan verwydering uit die register: 25
- (a) behoudens artikels 42 en 43, merke wat uitsluitlik bestaan uit 'n teken of aanduiding wat in die handel kan dien om die soort, kwaliteit, kwantiteit, voorgenome doel, waarde, of ander kenmerke van die goedere of dienste, of wyse of tyd van produksie van die goedere of lewering van die dienste aan te dui; of 30
 - (b) behoudens artikel 43B(3), merke wat uitsluitlik uit 'n tradisionele term of uitdrukking bestaan en wat in die *bona fide* en gevestigde praktyke van die handel aanduidend geword het van, of algemeen geassosieer word met, die goedere of dienste ten opsigte waarvan die merk geregistreer staan te word. 35
40

Nasionale Databasis

- 43D.** (1) Die Nasionale Databasis vir Inheemse Kennis in artikel 28C van die Wet op Outeursreg beoog, is en funksioneer as 'n subregister binne die register van handelsmerke ten opsigte van tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings by die toepassing van hierdie Wet, op die wyse waarvoor in die genoemde artikel 28C van die Wet op Outeursreg voorsiening gemaak is. 45
- (2) Tradisionele terme en uitdrukkings of geografiese aanduidings—
 - (a) vervat in aansoeke wat na die Raad verwys is en ingevolge subartikel (14) aanvaar is; en 50
 - (b) vervat in aansoeke wat ingevolge artikels 42, 43 of 43D aanvaar is, word in die databasis opgeneem. - (3) By die toepassing van hierdie Wet, word 'n inheemse gemeenskap geag 'n regspersoon te wees.
 - (4) Enige— 55
 - (a) natuurlike persoon wat die tradisionele terme en uitdrukkings of geografiese aanduidings geskep het;
 - (b) natuurlike of regspersoon wat gemagtig is om namens 'n inheemse gemeenskap, of namens 'n individu, op te tree; of

(c) person appointed by the Minister in the manner prescribed, to act on behalf of an indigenous community which is no longer in existence, may submit to the registrars of patents, copyright, trade marks and designs a request together with the appropriate information as prescribed for a traditional term or expression or geographical indication to be registered in the database, whereupon the provisions of the said section 28C of the Copyright Act shall, with necessary changes, apply. 5

(5) The applicant for registration and the proprietor shall be—

- (a) where—
- (i) the originator of the traditional term or expression or the geographical indication cannot be determined;
 - (ii) the originator of the traditional term or expression or the geographical indication, is an indigenous community which is no longer in existence; or
 - (iii) the indigenous terms or expressions or geographical indication developed in such a manner that proprietorship cannot be shared amongst indigenous communities, 10 15

the National Trust;

- (b) in all other instances related to indigenous terms or expressions, a person authorised to act on behalf of the indigenous community or indigenous communities or on behalf of an individual; 20
- (c) in all other instances related to geographical indications, a person authorised to act on behalf of the indigenous community or indigenous communities or the relevant member of the indigenous community; and 25
- (d) in all other instances related to derivative traditional terms or expressions, the relevant member of the indigenous community.

(6) If the applicant for registration is an indigenous community, the request referred to in subsection (4) shall include a community protocol setting out relevant information about the community, including— 30

- (a) identification of the indigenous community and its acknowledged structure;
- (b) full details of the appointed representative of the indigenous community in whose name the traditional term or expression or the geographical indication must be registered; 35
- (c) if the representative is a juristic person, full details of registration of such juristic person;
- (d) the indigenous term or expression or geographical indication that is being registered and the justification for the community claiming rights to it; 40
- (e) whether such indigenous term or expression or geographical indication is sacred, or should for any other reason, which must be provided, be kept confidential; and
- (f) a written undertaking by the representative of the indigenous community to the effect that he or she will hold the right to the indigenous term or expression or geographical indication on behalf of the indigenous community. 45

(7) The Council must assist the indigenous community to ensure that the community protocol corresponds with the structure of the indigenous community. 50

(8) The community protocol must be kept with the registration of the indigenous term or expression or geographical indication.

(9) Section 22(4) shall apply, with necessary changes, in relation to a database for traditional terms or expressions or geographical indications.

(10) The Commission may determine which information recorded in the database must be treated confidentially: Provided that if the community protocol indicates that the information is sacred or must be kept in confidence, the Commission must treat the information confidentially. 55

(11) Any person contemplated in subsection (4), or a third party who has an interest in a traditional term or expression or geographical indication may submit to the registrars of patents, copyright, trade marks and designs a request together with the appropriate information as prescribed, for the amendment or removal of a traditional term or expression or geographical indication in the database, whereupon the provisions of section 28C(13) of the Copyright Act shall with necessary changes apply. 60 65

- (c) persoon aangestel deur die Minister op die voorgeskrewe wyse, om namens 'n inheemse gemeenskap op te tree wat nie meer bestaan nie, kan aan die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle 'n versoek voorlê tesame met die gepaste inligting soos voorgeskryf vir 'n tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding om in die databasis aangeteken te word, waarop die bepalings van die genoemde artikel 28C van die Wet op Outeursreg, met die nodige veranderings, van toepassing sal wees. 5
- (5) Die aansoeker om registrasie en die eienaar—
- (a) waar— 10
- (i) die skepper van die tradisionele term of uitdrukking of die geografiese aanduiding nie vasgestel kan word nie;
- (ii) die skepper van die tradisionele term of uitdrukking of die geografiese aanduiding 'n inheemse gemeenskap is wat nie meer bestaan nie; of 15
- (iii) die inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding op so 'n wyse ontwikkel het dat eienaarskap nie tussen inheemse gemeenskappe gedeel kan word nie, is die Nasionale Trust;
- (b) in alle ander gevalle wat verband hou met inheemse terme of uitdrukkinge, 'n persoon wat gemagtig is om namens die inheemse gemeenskap of inheemse gemeenskappe of namens 'n individu op te tree; 20
- (c) in alle ander gevalle wat verband hou met geografiese aanduidings, 'n persoon gemagtig om namens die inheemse gemeenskap of inheemse gemeenskappe of die betrokke lid van die inheemse gemeenskap op te tree; en 25
- (d) in alle ander gevalle wat verband hou met afgeleide tradisionele terme of uitdrukkinge, die toepaslike lid van die inheemse gemeenskap. 30
- (6) Indien die aansoeker om registrasie 'n inheemse gemeenskap is, sluit die versoek in subartikel (4) bedoel 'n gemeenskapsprotokol in wat toepaslike inligting oor die gemeenskap uiteensit, met inbegrip van—
- (a) identifikasie van die inheemse gemeenskap en sy erkende struktuur;
- (b) volle besonderhede van die aangestelde verteenwoordiger van die inheemse gemeenskap in wie se naam die tradisionele term of uitdrukking of die geografiese aanduiding geregistreer moet word; 35
- (c) indien die verteenwoordiger 'n regs persoon is, die volledige besonderhede van registrasie van sodanige regs persoon;
- (d) die inheemse handelsmerk wat geregistreer word en die regverdiging vir die gemeenskap om aanspraak daarop te maak; 40
- (e) of sodanige inheemse handelsmerk gewyd is, of om enige ander rede, wat voorgelê moet word, vertroulik gehou moet word; en
- (f) 'n geskrewe onderneming deur die verteenwoordiger van die inheemse gemeenskap dat hy of sy die reg op die inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding namens die inheemse gemeenskap sal hou. 45
- (7) Die Raad moet die inheemse gemeenskap help om te verseker dat die gemeenskapsprotokol met die struktuur van die inheemse gemeenskap ooreenstem.
- (8) Die gemeenskapsprotokol moet saam met die registrasie van die inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduidings gehou word. 50
- (9) Artikel 22(4) geld, met die nodige veranderinge, ten opsigte van 'n databasis vir tradisionele terme of uitdrukkinge of geografiese aanduidings.
- (10) Die Kommissie kan bepaal watter inligting in die databasis opgeneem as vertroulik hanteer moet word: Met dien verstande dat indien die gemeenskapsprotokol aandui dat die inligting gewyd is of vertroulik is, die Kommissie die inligting vertroulik moet hanteer. 55
- (11) 'n Persoon in subartikel (4) bedoel, of 'n derde party wat 'n belang in 'n tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding het, kan 'n versoek, vergesel van die gepaste inligting soos voorgeskryf, aan die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle voorlê vir die wysiging of verwydering van 'n tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding in die databasis, waarby die bepalings van artikel 60

(12) If it appears to the registrars of patents, copyright, trade marks and designs that the mark sought to be registered—

(a) consists exclusively of, or an essential part thereof constitutes, a traditional term or expression or geographical indication as contemplated in section 43B; and

(b) is registrable in terms of section 42, 43 or 43B,

the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall accordingly register the mark.

(13) Save for as otherwise provided in this section, parts IV and V specifically shall apply, with necessary changes, in relation to the registration of a traditional term or expression.

(14) (a) If it appears to the registrars of patents, copyright, trade marks and designs that the mark sought to be registered—

(i) consists exclusively of, or an essential part thereof constitutes, a traditional term or expression or geographical indication as contemplated in section 43B; and

(ii) is not registrable in terms of section 42, 43 or 43B,

he or she shall provisionally refuse the application and refer the application to the Council for its advice.

(b) The Council shall consider such application and advise the registrars of patents, copyright, trade marks and designs within three months of receipt of the referral whether or not, in its opinion, the mark can be registered.

(c) Upon receipt of the advice of the Council, the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall accept or refuse the application.

(15) The registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall advise an applicant for registration in writing, within a reasonable period from the date of the application, of his or her decision in terms of this section.

(16) In the case of—

(a) an acceptance in terms of subsections (2), (12) or (14)(c);

(b) a refusal in terms of subsection (14)(c); or

(c) a provisional refusal or refusal in terms of subsection (14)(a),

the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall, on application by the applicant in the prescribed manner, state in writing the grounds for his or her decision.

(17) (a) In the case of an acceptance of a traditional term or expression or geographical indication for registration as a certification trade mark or a collective trade mark, the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall notify the Council accordingly and in the prescribed manner.

(b) In the case of an acceptance of a geographical indication as—

(i) a certification trade mark in terms of section 42; or

(ii) a collective trade mark in terms of section 43,

the registrars of patents, copyright, trade marks and designs shall notify the Director-General of the department responsible for Agriculture in the prescribed manner.

(18) Section 27(1)(a) and (b) does not apply to a traditional term, expression or geographical indication.

Term of protection

43E. (1) Save for as otherwise provided in this section, section 37 shall apply, with necessary changes, in relation to the duration and renewal of registration of derivative traditional terms or expressions and geographical indications as set out in section 43B(8)(a).

(2) The duration of registration in the case of indigenous term or expression or geographical indication as set out in section 43B(8)(b) shall be in perpetuity.

28C(13) van die Wet op Outeursreg, met die nodige veranderinge, van toepassing is.

(12) Indien dit vir die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle voorkom asof die merk wat geregistreer staan te word—

(a) uitsluitlik bestaan uit, of 'n essensiële deel daarvan bestaan uit, 'n tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding soos beoog in artikel 43B; en 5

(b) ingevolge artikel 42, 43 of 43B geregistreer kan word, moet die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle die merk ooreenkomstig registreer. 10

(13) Buiten waar daar in hierdie artikel anders bepaal word, is dele IV en V spesifiek van toepassing, met die nodige veranderinge, ten opsigte van 'n registrasie van 'n tradisionele term of uitdrukking.

(14) (a) Indien dit vir die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle voorkom asof die merk wat geregistreer staan te word— 15

(i) uitsluitlik bestaan uit, of 'n essensiële deel uitmaak van, 'n tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding soos beoog in artikel 43B; en

(ii) nie ingevolge artikel 42, 43 of 43B geregistreer kan word nie, moet hy of sy die aansoek voorlopig weier en die aansoek na die Raad verwys vir advies. 20

(b) Die Raad moet sodanige aansoek oorweeg en die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle van raad bedien binne drie maande van ontvangs van die verwysing adviseer oor of die merk, na sy mening, geregistreer kan word al dan nie. 25

(c) By ontvangs van die raad van die Raad, moet die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle die aansoek aanvaar of weier.

(15) Die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle sal 'n aansoeker om registrasie binne 'n redelike tydperk vanaf die datum van die aansoek skriftelik inlig oor sy of haar besluit ingevolge hierdie artikel. 30

(16) In die geval van—

(a) 'n aanvaarding ingevolge subartikels (2), (12) of (14)(c); 35

(b) 'n weiering ingevolge subartikel (14)(c); of

(c) 'n voorwaardelike weiering of weiering ingevolge subartikel (14)(a), moet die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle by aansoek deur die aansoeker op die voorgeskrewe wyse, die gronde vir sy of haar besluit op skrif stel. 40

(17) (a) In die geval van 'n aanvaarding van 'n tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding vir registrasie as 'n sertifiseringshandelsmerk of 'n versamelhandelsmerk moet die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle die Raad op die voorgeskrewe wyse in kennis stel. 45

(b) In die geval van 'n aanvaarding van 'n geografiese aanduiding as—

(i) 'n sertifiseringshandelsmerk ingevolge artikel 42; of

(ii) 'n versamelhandelsmerk ingevolge artikel 43, moet die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir landbou op die voorgeskrewe wyse in kennis stel. 50

(18) Artikels 27(1)(a) en (b) is nie van toepassing op 'n tradisionele term, uitdrukking of geografiese aanduiding nie.

Termyn van beskerming

43E. (1) Buiten soos anders bepaal in hierdie artikel, is artikel 37 van toepassing, met die nodige veranderinge, in verband met die duur en hernuwing van registrasie van afgeleide tradisionele terme of uitdrukkinge en geografiese aanduidings soos in artikel 43B(8)(a) uiteengesit. 55

(2) Die duur van registrasie in die geval van inheemse terme of uitdrukkinge of geografiese aanduidings soos in artikel 43B(8)(b) is onbepaald. 60

Infringement of traditional mark, exceptions, licence fees and benefits

43F. (1) Notwithstanding the provisions of section 34(1), the proprietor of a trade mark in respect of a traditional term or expression shall not be entitled to interfere with or restrain a person referred to in section 35 or a person who commenced using a mark in the course of trade in the manner contemplated in section 34(1) at a date prior to the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, and has continued to make *bona fide* use of such mark: Provided that if any commercial benefit is derived from any such use after the date of registration of the traditional term or expression or geographical indication in terms of section 43D, a licence fee, a benefit, or both such licence fee and benefit, shall be paid by such person to the proprietor as provided for in subsection (4).

(2) Any person who has acquired rights as contemplated in subsection (1) must comply with section 43B(6)(b) and (c), within 12 months after the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013: Provided that—

- (a) the rights of the indigenous community to licence fees or benefits or both such licence fees and benefits shall start on the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013; and
- (b) save for the obligations contemplated in this subsection and subsection (1), such person shall continue to hold his or her right in the manner he or she has done prior to the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013.

(3) Any person who intends to acquire rights pertaining to use of the indigenous term or expression or geographical indication after the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, must comply with section 43B(6).

(4) The amount or value of the licence fee, benefit, or to both such licence fee and benefit, contemplated in subsection (1) or negotiated for in the benefit sharing agreement contemplated in subsection (3), shall be determined—

- (a) by agreement between the person who is the user of the mark and the owner of the mark;
- (b) by one or more collecting societies representing either or both of these parties; or
- (c) in the absence of agreement as contemplated in paragraph (a) or (b) being reached, the amount or value of the licence fee, benefit, or both such licence fee and benefit, by—
 - (i) an institution accredited by the Commission as contemplated in section 43I(1); or
 - (ii) arbitration in terms of the Arbitration Act, 1965 (Act No. 42 of 1965):

Provided that if the persons referred to in subsection (4)(a) or (b) cannot agree on which referral to follow in terms of this subsection within a reasonable period, any of the persons may refer these disputes for resolution in terms of section 43I.

(5) Agreements concluded in terms of subsections (2), (3) or (4)(a) or (b) must be submitted to the Council, who shall—

- (a) scrutinise the agreement for compliance with intellectual property laws, including this Act and the community protocol; and
- (b) where any clause within the contract is regarded as not being to the benefit of the indigenous community or member of the indigenous community concerned, require renegotiation of said clause and provide the necessary advice.

(6) The owner of a certification or collective trade mark in a derivative indigenous term or expression or geographical indication shall pay a licence fee or benefit, agreed to as set out in this section, to the owner or owners of certification or collective trade marks in the indigenous term or

Skending van tradisionele merk, uitsonderings, lisensiegeld en voordele

43F. (1) Ondanks die bepalings van artikel 34(1) is die eienaar van 'n handelsmerk ten opsigte van 'n tradisionele term of uitdrukking nie daarop geregtig om in te meng nie met 'n persoon in artikel 35 bedoel of 'n persoon wat begin het om 'n merk op die wyse in artikel 34(1) beoog te gebruik op 'n datum voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, en voortgegaan het om *bona fide* gebruik van sodanige merk te maak, of om sodanig persoon te belet nie: Met dien verstande dat indien enige kommersiële voordeel uit sodanige gebruik verkry word na die datum van registrasie van die handelsmerk ingevolge artikel 43D, lisensiegeld, 'n voordeel, of beide sodanige lisensiegeld en voordeel, deur sodanige persoon aan die eienaar betaal moet word soos in subartikel (4) bepaal.

(2) 'n Persoon wat regte soos beoog in subartikel (1) bekom het moet binne 12 maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, aan artikel 43B(6)(b) en (c) voldoen: Met dien verstande dat—

(a) die aanspraak van die inheemse gemeenskap op lisensiegeld of voordele of beide sodanige lisensiegeld en voordele by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, sal begin; en

(b) behalwe vir die verpligtinge in hierdie artikel en subartikel (1) beoog, sodanige persoon sy of haar reg behou op dieselfde wyse as voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013.

(3) 'n Persoon wat beoog om regte rakende die gebruik van die inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding te verkry na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, 2013, moet aan artikel 43B(6) voldoen.

(4) Die bedrag of waarde van die lisensiegeld, voordeel of beide sodanige tantième en voordeel, in subartikel (1) beoog of voor onderhandel in die voordeeldelingsooreenkoms in subartikel (3) beoog, word bepaal—

(a) by ooreenkoms tussen die persoon wat die gebruiker van die merk is en die eienaar van die merk;

(b) deur een of meer insamelingsverenigings wat een of beide van hierdie partye verteenwoordig; of

(c) by ontstentenis aan die bereik van 'n ooreenkoms soos beoog in paragraaf (a) of (b), die bedrag of waarde van die lisensiegeld, voordeel, of beide sodanige lisensiegeld en voordeel, bepaal deur—

(i) 'n instelling deur die Kommissie geakkrediteer soos in artikel 43I(1) beoog; of

(ii) arbitrasie ingevolge die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet No. 42 van 1965):

Met dien verstande dat indien die persone in subartikels (4)(a) of (b) bedoel nie binne 'n redelike tydperk kan ooreenkom op watter verwysing om ingevolge hierdie subartikel te volg nie, enige van die persone hierdie geskille kan verwys vir oplossing ingevolge artikel 43I.

(5) Ooreenkomste ingevolge subartikels (2), (3) of (4)(a) of (b) aangegaan moet aan die Raad voorgelê word, wat—

(a) die ooreenkoms moet nagaan vir nakoming van intellektuele eiendomsvette, met inbegrip van hierdie Wet en die gemeenskapsprotokol; en

(b) waar enige klousule in die kontrak geag word nie tot voordeel van die betrokke inheemse gemeenskap of lid van die inheemse gemeenskap te wees nie, heronderhandeling van die genoemde klousule vereis en die nodige raad voorsien.

(6) Die eienaar van 'n sertifiseringshandelsmerk of versamelhandelsmerk in 'n afgeleide inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding moet 'n lisensiegeld of voordeel betaal, op ooreengekom soos in hierdie artikel uiteengesit, aan die eienaar of eienaars van die sertifiserings- of versamelhandelsmerke in die inheemse term of

expression or geographical indication from which the derivative indigenous term or expression or geographical indication was derived.

(7) Any person deriving commercial benefit from the use of a traditional term or expression or geographical indication, which commercial benefit is less than the prescribed value shall be excluded from the requirements of sections 43B(6), 43F(2) and (3) and from the requirement to pay licence fees and benefits as contemplated in section 43F(1).

(8) A traditional term or expression or geographical indication may be used without obtaining prior consent of the trade mark proprietor, if it is for the purpose of—

- (a) private study or private use;
- (b) professional criticism or review;
- (c) reporting on current events;
- (d) education;
- (e) scientific research;
- (f) legal proceedings; or
- (g) the making of recordings and other reproductions of indigenous cultural expressions or knowledge for purposes of their inclusion in an archive, inventory, dissemination for non-commercial cultural heritage safeguarding purposes and incidental uses: Provided that only such portions as is reasonably required for such use are made and that the trade mark owner's name is acknowledged.

National Trust and Fund for Indigenous Knowledge

43G. (1) The National Trust and the Fund, as the case may be, shall constitute and function as a National Trust and Fund in respect of traditional terms and expressions and geographical indications for purposes of this Act, and the provisions of section 28I of the Copyright Act shall, with necessary changes, apply.

(2) All monies payable in respect of the use of an indigenous term or expression or geographical indication registered under this Act and owned by the National Trust shall be paid into the Fund contemplated in subsection (1) and shall be applied for the benefit of indigenous communities in the manner prescribed in section 28I of the Copyright Act.

Assignment and licences

43H. (1) Save for—

- (a) assignment of an indigenous term or expression or geographical indication to a collecting society, or
- (b) transfer to a duly appointed representative of the community, the certification or collective trade marks in an indigenous term or expression or geographical indication shall not be transmissible by assignment, testamentary disposition or operation of law, but the doing of any act may be licensed.

(2) Should the certification or collective trade mark referred to in subsection (1) vest in a representative of an indigenous community, the indigenous community may—

- (a) upon the death or liquidation of the said representative, as the case may be; or
- (b) prior to the death or liquidation of the said representative, by agreement as set out in the community protocol, transfer such certification or collective trade mark to a person, as the indigenous community may decide.

(3) Should the certification or collective trade mark referred to in subsection (1), vest in a representative of an indigenous community, such certification or collective trade mark shall automatically upon the death of the last living member of such indigenous community transfer to the National Trust.

uitdrukking of geografiese aanduiding waarvan die afgeleide inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding afgelei is.

(7) 'n Persoon wat kommersiële voordeel trek uit die gebruik van 'n tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding, welke kommersiële voordeel minder is as die voorgeskrewe waarde, word uitgesluit van die vereistes van artikels 43B(6), 43F(2) en (3) en van die vereiste om lisensiegeld en voordele soos in artikel 43F(1) beoog te betaal.

(8) 'n Tradisionele term of uitdrukking of geografiese aanduiding kan gebruik word sonder om vooraf instemming van die handelsmerkeienaar te verkry, indien dit vir die doel is van—

- (a) privaatstudie of privaatgebruik;
- (b) professionele kritiek of resensie;
- (c) verslagdoening oor aktuele gebeure;
- (d) onderwys;
- (e) wetenskaplike navorsing;
- (f) geregtelike verrigtinge; of
- (g) die maak van opnames en ander reproduksies van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis ten einde dit in 'n argief of inventaris in te sluit, dit te versprei vir niekomersiële kulturele beskermingsdoeleindes en toevallige gebruike: Met dien verstande dat slegs sodanige dele wat redelikerwys vereis word vir sodanige gebruik gemaak word en dat die handelsmerkeienaar se naam erken word.

Nasionale Trust en Fonds vir Inheemse Kennis

43G. (1) Die Nasionale Trust en die Fonds, na gelang van die geval, maak 'n Nasionale Trust en Fonds uit en funksioneer as sodanig ten opsigte van tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings vir die doeleindes van hierdie Wet, en die bepalings van die genoemde artikel 28I is, met die nodige veranderinge, van toepassing.

(2) Alle gelde betaalbaar ten opsigte van die gebruik van 'n inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is en deur die Nasionale Trust besit word, word in die Fonds in subartikel (1) beoog inbetaal en word tot voordeel van die inheemse gemeenskappe toegepas op die wyse in artikel 28I van die Wet op Outeursreg voorgeskryf.

Sessie en lisensies

43H. (1) Behalwe in die geval van—

- (a) sessie van 'n inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding aan 'n insamelingsvereniging; of
 - (b) oordrag na 'n behoorlik aangestelde verteenwoordiger van die gemeenskap,
- is die sertifisering van versamelhandelsmerke in 'n inheemse term of uitdrukking of geografiese aanduiding nie oordraagbaar deur sessie, testamentêre beskikking of wetswerking nie, maar die verrigting van enige handeling kan gelisensieer word.

(2) Sou die sertifiserings- of versamelhandelsmerk in subartikel (1) bedoel, in die verteenwoordiger van 'n inheemse gemeenskap vestig, kan die inheemse gemeenskap—

- (a) by die dood of likwidasië van die verteenwoordiger, na gelang van die geval; of
 - (b) voor die dood of likwidasië van sodanige verteenwoordiger,
- by ooreenkoms soos uiteengesit in die gemeenskapsprotokol, sodanige sertifiserings- of versamelhandelsmerk oordra na 'n persoon waarop die inheemse gemeenskap kan besluit.

(3) Sou die sertifiserings- of versamelhandelsmerk in subartikel (1) bedoel in 'n verteenwoordiger van 'n inheemse gemeenskap vestig, word sodanige sertifiserings- of versamelhandelsmerk outomaties na die Nasionale Trust oorgedra.

Disputes

43I. (1) The Commission must accredit certain institutions which have the necessary capacity, to adjudicate any dispute arising from the application of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013.

(2) Any dispute arising from the application of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, must first be instituted in an institution accredited as contemplated in subsection (1).

(3) No person appearing in proceedings before an institution contemplated in subsection (1) shall have the right to legal representation unless—

(a) the adjudicator and all other parties consent; or

(b) the adjudicator, after considering—

(i) the nature of the questions of law raised by the dispute;

(ii) the relative complexity and importance of the dispute; and

(iii) the comparative ability of the parties to represent themselves in the adjudication,

concludes that it would be unreasonable to expect a party to deal with the adjudication without legal representation.

(4) Any adjudication must take into account existing customary dispute resolution mechanisms.

(5) The decision of the institution referred to in subsection (1) may be served, executed and enforced as if it was an order of the High Court.

(6) Any party to proceedings before an institution referred to in subsection (1) may appeal to a court of law against any decision of such institution, and the appeal must be noted and dealt with in the manner prescribed by law for appeals against a civil order or decision of a single judge.

(7) The Minister shall prescribe the fees, processes and formalities relating to the institution and adjudication of a dispute.

National Council

43J. The Council must advise the registrars of patents, copyright, trade marks and designs on the registration of traditional terms and expressions under this Act.

Compliance with international agreements

43K. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* provide that any provision of this Act specified in such notice shall in the case of any country so specified apply so that—

(a) a community recognised in the specified country as an indigenous community shall be deemed to be an indigenous community as defined in this Act; and

(b) traditional terms and expressions and geographical indications recognised in the specified country as traditional terms and expressions and geographical indications shall be deemed to be traditional terms and expressions and geographical indications as defined in this Act.

(2) The Minister may in the notice in subsection (1) make the provisions of this Act applicable, in respect of a country listed in the notice—

(a) to its citizens or subjects;

(b) to persons who at material times are domiciled or resident in the listed country and who are members of an indigenous community in that country; and

(c) to juristic persons incorporated under the laws of the specified country and representing indigenous communities of that country.

(3) The notice referred to in subsection (1) may—

(a) include exceptions or modifications to the application of the Act in respect of a specified country;

(b) provide for general application of the Act; or

(c) limit application of the Act to such types of traditional terms and expressions and geographical indications as may be specified.

Geskille

43I. (1) Die Kommissie moet sekere instellings akkrediteer wat die nodige kapasiteit het om enige geskil te bereg wat ontstaan uit die toepassing van die Wysigingswet op Intellektuele Eïendomsreg, 2013.

(2) 'n Geskil wat ontstaan uit die toepassing van die Wysigingswet op Intellektuele Eïendomsreg, 2013, moet eers in 'n instelling ingestel word wat soos in subartikel (1) beoog geakkrediteer is.

(3) Geen persoon wat in verrigtinge voor 'n instelling in subartikel (1) beoog verskyn het die reg op regsverteenvoording nie tensy—

(a) die beregter en alle ander partye instem; of

(b) die beregter, na oorweging van—

(i) die aard van die regsrae wat uit die geskil na vore kom;

(ii) die relatiewe ingewikkeldheid en gewig van die geskil; en

(iii) die betreklike vermoë van die partye om hulself in die beregting te verteenwoordig,

tot die slotsom kom dat dit onredelik sal wees om van 'n party te verwag om die beregting sonder regsverteenvoording te hanteer.

(4) Enige beregting moet bestaande gewoonte-geskilbeslegtings-meganismes in ag neem.

(5) Die beslissing van die instelling in subartikel (1) bedoel, kan beteken, uitgevoer en toegepas word asof dit 'n bevel van die Hooggeregshof was.

(6) 'n Party in verrigtinge voor 'n instelling in subartikel (1) bedoel, kan by 'n geregshof appël aanteken teen enige beslissing van sodanige instelling, en die appël moet aangeteken en hanteer word op die wyse deur die wet voorgeskryf vir appëlle teen 'n siviele bevel of besluit van 'n enkele regter.

(7) Die Minister skryf die gelde, prosesse en formaliteite voor in verband met die instelling en beregting van 'n geskil.

Nasionale Raad

43J. Die Raad moet die registrateurs van patente, outeursreg, handelsmerke en modelle van raad bedien oor die registrasie van tradisionele terme en uitdrukkings kragtens hierdie Wet.

Nakoming van internasionale ooreenkomste

43K. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal dat enige bepaling van hierdie Wet in sodanige kennisgewing vermeld in die geval van 'n land aldus vermeld van toepassing is sodat—

(a) 'n gemeenskap wat in die vermelde land erken word as 'n inheemse gemeenskap, geag word 'n inheemse gemeenskap te wees soos in hierdie Wet omskryf; en

(b) tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings wat in die vermelde land erken word as tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings geag word tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings te wees soos in hierdie Wet omskryf.

(2) Die Minister kan in die kennisgewing in artikel (1) die bepalings van hierdie Wet van toepassing maak, ten opsigte van 'n land in die kennisgewing genoem, op—

(a) sy burgers of onderdane;

(b) persone wat op wesenlike tye in die genoemde land woon of woonagtig is en wat lede van 'n inheemse gemeenskap in daardie land is; en

(c) regspersone ingelyf kragtens die wette van die vermelde land en wat inheemse gemeenskappe van daardie land verteenwoordig.

(3) Die kennisgewing in artikel (1) bedoel kan—

(a) uitsonderings of veranderings aan die toepassing van die Wet ten opsigte van 'n vermelde land insluit;

(b) vir 'n algemene toepassing van die Wet voorsiening maak; of

(c) toepassing van die Wet beperk tot sodanige soorte tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings soos bepaal kan word.

(4) No notice shall be issued under this section in respect of any country which is not a party to a convention relating to trade marks to which the Republic is also a party, unless the Minister is satisfied that, in respect of the class of traditional terms and expressions and geographical indications to which the notice relates, provision has been or will be made under the laws of that country whereby adequate protection will be given to owners of traditional trade marks under this Act.

5

(5) Section 35 shall, with the necessary changes required by the context, apply in respect of traditional terms or expressions.”.

Amendment of section 69 of Act 194 of 1993

10

10. Section 69 of the Trade Marks Act, 1993 (Act No. 194 of 1993), is hereby amended by the addition after subsection (3) of the following subsections:

“(4) The Minister may make regulations providing for the fees, processes and formalities related to the submission and adjudication of a dispute set out in section 43I.

15

(5) The Minister may make regulations in consultation with the Minister of Finance, providing for the establishment, composition, funding and functions of collecting societies contemplated in section 43F, and any other matter that it may be necessary or expedient to regulate for the proper functioning of such societies.

20

(6) The Minister may make regulations providing for the appointment of a person to act on behalf of an indigenous community which is no longer in existence.

20

(7) The Minister may prescribe the value of a commercial benefit contemplated in section 43F(7).

25

(8) The Minister may issue guidelines on any aspect of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, including—

25

(a) protection of traditional terms and expressions and geographical indications;

(b) examples and other measures to identify traditional terms and expressions and geographical indications;

(c) the database, in so far as it relates to traditional terms and expressions and geographical indications;

30

(d) the National Trust and Fund, in so far as it relates to traditional terms and expressions and geographical indications;

(e) the Council, in so far as it relates to traditional terms and expressions and geographical indications; and

35

(f) the dispute process as set out in section 43I.”.

35

Amendment of section 1 of Act 195 of 1993, as amended by section 69 of Act 38 of 1997

11. Section 1 of the Designs Act, 1993 (Act No. 195 of 1993), is hereby amended—

(a) by the insertion in subsection (1) after the definition of “cessionary” of the following definitions:

40

“**‘collecting society’** means a collecting society created by the Copyright Act, this Act, or by agreement and which amongst others—

(a) manages matters related to rights in designs;

(b) negotiates for and collects royalties and benefits on behalf of its members; and

45

(c) distributes royalties and benefits to design owners;

‘community protocol’ means a protocol developed by an indigenous community that describes the structure of the indigenous community and its claims to indigenous cultural expressions or knowledge and indigenous designs, and provides procedures for prospective users of such indigenous cultural expressions or knowledge or indigenous designs, to

50

- (4) Geen kennisgewing sal kragtens hierdie artikel uitgereik word ten opsigte van enige land wat nie 'n party is tot 'n konvensie oor handelsmerke waartoe die Republiek ook 'n party is nie, tensy die Minister tevrede is dat, ten opsigte van die klas van tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings waarmee die kennisgewing verband hou, voorsiening gemaak is of sal word kragtens die wette van daardie land waarby voldoende beskerming aan die eienaars van tradisionele handelsmerke kragtens hierdie Wet verleen sal word. 5
- (5) Artikel 35, met die nodige veranderings deur die samehang vereis, is van toepassing ten opsigte van tradisionele terme of uitdrukkings." 10

Wysiging van artikel 69 van Wet 194 van 1993

10. Artikel 69 van die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993), word hierby gewysig deur die volgende subartikels na subartikel (3) by te voeg:

- "(4) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat voorsiening maak vir die gelde, prosesse en formaliteite betreffende die voorlegging en beregting van 'n geskil in artikel 43I uiteengesit. 15
- (5) Die Minister kan regulasies uitvaardig in oorleg met die Minister van Finansies, wat voorsiening maak vir die instelling, samestelling, befondsing en werksaamhede van insamelingsverenigings in artikel 43F bedoel, en enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan regulering van die behoorlike funksionering van sodanige gemeenskappe nodig of aangewese is. 20
- (6) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat voorsiening maak vir die aanstelling van 'n persoon om namens 'n inheemse gemeenskap wat nie meer bestaan nie op te tree.
- (7) Die Minister kan die waarde van 'n kommersiële voordeel in artikel 43F(7) beoog voorskryf. 25
- (8) Die Minister kan riglyne uitreik oor enige aspek van die Wysigingswet op Intellektuele Eendomsreg, 2013, met inbegrip van—
- (a) beskerming van tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings; 30
 - (b) voorbeelde en ander maatreëls om tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings te identifiseer;
 - (c) die databasis, vir sover dit met tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings verband hou;
 - (d) die Nasionale Trust en Fonds, vir sover dit met tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings verband hou; 35
 - (e) die Raad, vir sover dit met tradisionele terme en uitdrukkings en geografiese aanduidings verband hou; of
 - (f) die geskilproses soos in artikel 43I uiteengesit."

Wysiging van artikel 1 van Wet 195 van 1993, soos gewysig deur artikel 69 van Wet 38 van 1997 40

11. Artikel 1 van die Wet op Modelle, 1993 (Wet No. 195 van 1993), word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) na die omskrywing van "aansoeker" die volgende omskrywing in te voeg: 45
- "**'afgeleide inheemse model'** enige estetiese of funksionele model wat die onderwerp van hierdie Wet uitmaak, toegepas op enige vorm van inheemse model wat deur 'n inheemse gemeenskap erken word as dat dit 'n inheemse of tradisionele oorsprong het, en 'n wesenlike deel waarvan afgelei is van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis ongeag of sodanige afgeleide inheemse ontwerp afgelei is voor of na die inwerkingtrede van die Wysigingswet op Intellektuele Eendomsreg, 2013: Met dien verstande dat— 50
- (a) 'n estetiese afgeleide inheemse model as "TA" geregistreer word en verwys na 'n afgeleide inheemse model aangewend op 'n inheemse model vir die patroon of vorm of die konfigurasie of die ornamentasie daarvan, of vir twee of meer van daardie doeleindes, en op watter wyse dit ook al aangewend word, met kenmerke wat 55

- seek the community’s prior informed consent, negotiate mutually agreed terms and benefit-sharing agreements;”;
- (b) by the insertion in subsection (1) after the definition of “convention country” of the following definitions:
“ **‘Copyright Act’** means the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978);
‘Council’ means the National Council for Indigenous Knowledge as defined in section 1 of the Copyright Act;”;
- (c) by the insertion in subsection (1) after the definition of “court” of the following definition:
“ **‘database’** means the relevant section of the National Database for Indigenous Knowledge as defined in section 1 of the Copyright Act;”;
- (d) by the insertion in subsection (1) after the definition of “date of application” of the following definition:
“ **‘derivative indigenous design’** means any aesthetic or functional design forming the subject of this Act, applied to any form of indigenous design recognised by an indigenous community as having an indigenous or traditional origin, and a substantial part of which was derived from indigenous cultural expressions or knowledge irrespective of whether such derivative indigenous design was derived before or after the commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013: Provided that—
(a) an aesthetic derivative indigenous design shall be registered as “TA” and refers to a derivative indigenous design applied to an indigenous design for the pattern or the shape or the configuration or the ornamentation thereof, or for two or more of those purposes, and by whatever means it is applied, having features which appeal to and are judged solely by the eye, irrespective of the aesthetic quality thereof; and
(b) a functional derivative indigenous design shall be registered as “TF” and refers to a derivative indigenous design applied to an indigenous design for the pattern or the shape or the configuration thereof, or for two or more of those purposes, and by whatever means it is applied, having features which are necessitated by the function which the indigenous design to which the derivative indigenous design is applied, is to perform;”;
- (e) by the substitution for the definition of “design” of the following definition:
“ **‘design’** means an aesthetic design [or], a functional design or a traditional design;”;
- (f) by the insertion in subsection (1) after the definition of “functional design” of the following definitions:
“ **‘Fund’** means the National Trust Fund for Indigenous Knowledge as defined in section 1 of the Copyright Act;
‘indigenous community’ means any recognisable community of people originated in or historically settled in a geographic area or areas located within the borders of the Republic, as such borders existed at the date of commencement of the Intellectual Property Laws Amendment Act, 2013, characterised by social, cultural and economic conditions which distinguish them from other sections of the national community, and who identify themselves and are recognised by other groups as a distinct collective;
‘indigenous cultural expressions or knowledge’ means any form, tangible or intangible, or a combination thereof, in which traditional culture and knowledge are embodied, passed on between generations, tangible or intangible forms of creativity of indigenous communities, including, but not limited to—
(a) phonetic or verbal expressions, such as stories, epics, legends, poetry, riddles and other narratives, words, signs, names and symbols;
(b) musical or sound expressions, such as songs, rhythms and instrumental music, the sounds which are the expression of rituals;

- die oog opval en deur die blote oog beoordeel word, ongeag die estetiese kwaliteit daarvan; en
- (b) 'n funksionele afgeleide inheemse model as "TF" geregistreer word en verwys na 'n afgeleide inheemse model aangewend op 'n inheemse model vir die patroon of die konfigurasie daarvan, of vir twee of meer van daardie doeleindes, en op watter wyse dit ook al aangewend word, met kenmerke wat nodig gemaak word deur die funksie wat die inheemse model waarop die afgeleide inheemse model aangewend is, moet verrig;" 5
- (b) deur in subartikel (1) na die omskrywing van "artikel" die volgende omskrywing in te voeg: 10
" **'databasis'** die toepaslike afdeling van die Nasionale Databasis vir Inheemse Kennis soos in artikel 1 van die Wet op Outeursreg omskryf;"
- (c) deur in die omskrywing van "eienaar" die volgende paragraawe na paragraaf (d) in te voeg: 15
"(e) waar die model 'n tradisionele model is en—
(i) nie vasgestel kan word wie die outeur van die model was nie;
(ii) die outeur van die model 'n inheemse gemeenskap is wat nie meer bestaan nie; of
(iii) die model nie tussen die inheemse gemeenskappe gedeel kan word wat om welke rede ook al aanspraak maak op outeurskap nie,
die Nasionale Trust; of
(f) waar die model 'n tradisionele model is, die lid van die inheemse gemeenskap wat die outeur van die model is, of waar die model deur die gemeenskap as 'n geheel ontwikkel is, of deur 'n groot deel daarvan, of 'n inheemse model is, 'n persoon wat gemagtig is om namens die gemeenskap op te tree;" 20
- (d) deur in subartikel (1) na die omskrywing van "estetiese model" die volgende omskrywing in te voeg: 30
" **'Fonds'** die Nasionale Trustfonds vir Inheemse Kennis soos in artikel 1 van die Wet op Outeursreg omskryf;"
- (e) deur in subartikel (1) na die omskrywing van "geïntegreerde stroombaan-topografie" die volgende omskrywing in te voeg: 35
" **'gemeenskapsprotokol'** 'n protokol deur 'n inheemse gemeenskap ontwikkel wat die struktuur van 'n inheemse gemeenskap en sy aansprake op inheemse kulturele uitdrukkings of kennis en inheemse modelle beskryf, en wat voorsiening maak vir prosedures vir voornemende gebruikers van sodanige inheemse kulturele uitdrukkings of kennis of inheemse modelle, om die gemeenskap se vooraf ingeligte instemming te verkry om oor wedersyds ooreengekome terme en voordeeldelingsooreenkomste te onderhandel;" 40
- (f) deur in subartikel (1) na die omskrywing van "hof" die volgende omskrywings in te voeg: 45
" **'inheemse gemeenskap'** enige herkenbare gemeenskap van mense wat van oorsprong is van of histories gesetel is in 'n geografiese area of areas, binne die grense van die Republiek soos sodanige grense bestaan het op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Intellektuele Eïndomsreg, 2013, gekenmerk deur sosiale, kulturele en ekonomiese omstandighede wat hulle onderskei van ander dele van die nasionale gemeenskap, wat hulself identifiseer en deur ander groepe as 'n afsonderlike kollektief erken word; 50
'inheemse kulturele uitdrukkings of kennis' enige vorm, tasbaar of ontasbaar, of 'n kombinasie daarvan, waarin tradisionele kultuur en kennis beliggaam word, tussen generasies oorgelewer word, tasbare of ontasbare vorms van kreatiwiteit van inheemse gemeenskappe, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot— 55
(a) fonetiese of verbale uitdrukkings, soos stories, heldedigte, legendes, poësie, raaisels en ander vertellings, woorde, tekens, name en simbole; 60
(b) musiek- of klankuitdrukkings, soos liedere, ritmes en instrumentale musiek, waarvan die klanke die uitdrukking van rituele is;

- (c) expressions by action, such as dances, plays, ceremonies, rituals, expressions of spirituality or religion, sports, traditional games, puppet performances, and other performances, whether fixed or unfixed; and
 - (d) tangible expressions, such as material expressions of art, handicrafts, architecture, or tangible spiritual forms, and expressions of sacred places; 5
- ‘indigenous design’** means an aesthetic or functional design with an indigenous or traditional origin and a traditional character, including indigenous cultural expressions or knowledge which was created by persons who are or were members, currently or historically, of an indigenous community and which design is regarded as part of the heritage of the community: Provided that— 10
- (a) an aesthetic indigenous design shall be registered as “TA” and refers to an indigenous design applied to an article for the pattern or the shape or the configuration or the ornamentation thereof, or for two or more of those purposes, and by whatever means it is applied, having features which appeal to and are judged solely by the eye, irrespective of the aesthetic quality thereof; and 15
 - (b) a functional indigenous design shall be registered as “TF” and refers to an indigenous design applied to an article for the pattern or the shape or the configuration thereof, or for two or more of those purposes, and by whatever means it is applied, having features which are necessitated by the function which the article to which the indigenous design is applied, is to perform;” 20 25
- (g) by the insertion after the definition of “Minister” of the following definition: 30
“ **‘National Trust’** means the National Trust for Indigenous Knowledge established by section 28I of the Copyright Act and which functions as the National Trust for traditional designs in terms of section 53G;”;
 - (h) by the addition in the definition of “proprietor” after paragraph (d) of the following paragraphs: 35
“(e) where the design is a traditional design and—
 - (i) the author of the design cannot be determined;
 - (ii) the author of the design is an indigenous community which is no longer in existence; or
 - (iii) the design cannot be shared between the indigenous communities claiming authorship for whatsoever reason, the National Trust; or 40
 - (f) where the design is a traditional design, the member of the indigenous community who authored the design, or where the design was developed by the indigenous community as a whole, or by a large portion thereof, or is an indigenous design, the indigenous community or a person authorised to act on its behalf;” 45
 - (i) by the insertion in subsection (1) after the definition of “this Act” of the following definition:
“ **‘traditional design’** includes an indigenous design and a derivative indigenous design;”.

Insertion of sections 53A, 53B, 53C, 53D, 53E, 53F, 53G, 53H, 53I, 53J, 53K and 53L in Act 195 of 1993 50

12. The following sections are hereby inserted in the Designs Act, 1993 (Act No. 195 of 1993), after section 53:

- (c) uitdrukings deur aksie, soos danse, toneelstukke, seremonies, rituele, uitdrukings van spiritualiteit of geloof, sport en tradisionele spele, poppespele, en ander uitvoerings, hetsy vasgelê of onvasgelê; en
- (d) tasbare uitdrukings, soos wesenlike uitdrukings van kuns, kunsvlyt, argitektuur, en tasbare spirituele vorms, of uitdrukings van gewyde plekke; 5
- ‘inheemse model’** ’n estetiese of funksionele model met ’n inheemse of tradisionele oorsprong en ’n tradisionele karakter, met inbegrip van inheemse kulturele uitdrukings of kennis wat deur persone geskep is wat lede is of was, huidig of histories, van ’n inheemse gemeenskap en welke ontwerp as deel van die erfenis van die gemeenskap beskou word: Met dien verstande dat— 10
- (a) ’n estetiese inheemse model as “TA” geregistreer word en verwys na ’n inheemse model op ’n voorwerp aangewend vir die patroon of die vorm of die konfigurasie of die ornamentasie daarvan, of vir twee of meer van hierdie doeleindes, en op watter wyse dit ook al aangewend is, kenmerke het wat die oog opval en deur die blote oog beoordeel word, ongeag die estetiese kwaliteit daarvan; en 15
- (b) ’n funksionele inheemse ontwerp as “TF” geregistreer word en verwys na ’n inheemse model aangewend op ’n voorwerp vir die patroon of die vorm of die konfigurasie daarvan, of twee of meer van daardie doeleindes, en op welke manier dit ook al aangewend is, met kenmerke wat nodig gemaak word deur die funksie wat die voorwerp waarop die inheemse model aangewend is, moet verrig; 20 25
- ‘insamelingsvereniging’** ’n insamelingsvereniging wat geskep is deur die Wet op Outeursreg, hierdie Wet, of by ooreenkoms en wat onder andere—
- (a) aangeleenthede betreffende regte in modelle bestuur; 30
- (b) namens sy lede onderhandel om tantième en voordele en dit insamel; en
- (c) tantième en voordele aan modeleienaars versprei;”;
- (g) deur in subartikel (1) die omskrywing van “model” deur die volgende omskrywing te vervang: 35
“**‘model’** ’n estetiese model [of], ’n funksionele model of ’n tradisionele model;”;
- (h) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “modellekantoor” die volgende omskrywing in te voeg: 40
“**‘Nasionale Trust’** die Nasionale Trust vir Inheemse Kennis ingestel deur artikel 28I van die Wet op Outeursreg en wat ingevolge artikel 53G as die Nasionale Trust vir tradisionele modelle funksioneer;”;
- (i) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “persoonlike verteenwoordiger” die volgende omskrywing in te voeg: 45
“**‘Raad’** die Nasionale Raad vir Inheemse Kennis soos in artikel 1 van die Wet op Outeursreg omskryf;”;
- (j) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “stel maskerwerke” die volgende omskrywing in te voeg: 50
“**‘tradisionele model’** beide ’n inheemse model en ’n afgeleide inheemse model;”;
- (k) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “uitreikingsdatum” die volgende omskrywing in te voeg: 55
“**‘Wet op Outeursreg’** die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978);”.

Invoeging van artikels 53A, 53B, 53C, 53D, 53E, 53F, 53G, 53H, 53I, 53J, 53K en 53L in Wet 195 van 1993

